

18 Februarie

Handelinge 16:9-40

(Teks: 16:25)

In nagduister lyding is daar steeds rede vir 'n loflied en 'n gebed!

Middernag spel meer uit as die afwesigheid van lig:

- dis ook simbool van die sonde
- dis ook beeld van swaarkry en kommer...

Middernag sê iets van Paulus en Silas se lyding en smarte van rou wonde en naaktheid in die tronk met voete in 'n blok vasgeklem.

Maar hul middernag was nie donker nie.

Geen bitterheid is by hulle te bespeur nie, geen verwyt dat God hulle vergeet nie...

Geen wanhoop, klaaglied of mismoedigheid oor hul omstandighede nie.

Hulle is ook nie sonder verstand nie!

Hulle bid. Saam sing hulle lofliedere!

Hulle wil bid. Hulle wil sing - dis hul begeerte... en dit om middernag!

Wat op aarde kan 'n kind van God so ontstem dat hy/sy nie meer wil bid of sing nie?

Ongeag wie luister en waar jy is, wat kan so sleg wees dat jy nie wil bid of sing nie?

Wat doen ons in duisternis en smarte? Skel, vloek...? Of... bid en sing?

Juis in die diepe duisternis van ellende skyn geloof so helder: God met ons!

Sing Ps. 150:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)